**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 08/03 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   Ons wil net baie dankie sê vir "Social Development" wat vir 22 dogters sanitêredoekies geskenk het. Ons waardeer dit opreg.

2. **Skoolbeheerliggaam:**
   Die volgende ouers dien op die beheerliggaam vir die volgende drie jaar.
   - mnr. Nelis Johnston
   - mnr. Louis Kritzinger
   - mnr. Wilhelm Loock
   - mnr. Jan Schoeman
   - mnr. Darius Strydom
   - mnr. Herman Strydom
   - mnr. Ruaan Strydom

   Baie dankie vir u bereidwilligheid en sterkte met die groot en verantwoordelike taak wat op u skouers rus.

3. **Veiligheid van ons leerders:**
   Hiermee wil ek 'n vriendelike, dog ernstige beroep op taxi-eienaars doen om versigtig te ry met ons leerders. Die leerders se veiligheid is van uiters belang.

4. **Stulting kunstefees:**
   Die kunstefees vind plaas op 13–17 Mei in Humansdorp. Afdelings waaraan leerders kan deelneem is:
   Instrumentale musiek
   Kuns
   Fotografie
   Voordrag
   Koor/sang
   Dans
   Leerders wat belangstel om in enige van die afdelings deel te neem, kan mev. Riana Ferreira kontak vir meer besonderhede. Inskrywings sluit Vrydag 15 Maart.

herotel
ICEN

5. **ATKV-nuus:**

Ons groet ons vorige voorsitter, Gerbri Ferreira. Sy sal gemis word en ons bedank haar vir alles wat sy gedoen het. Nietemin, stel ons graag aan julle hierdie jaar se ATKV-bestuur voor:

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter: | Anlea Ferreira | (gr. 11) |
| Ondervoorsitter: | Samuel Snyder | (gr. 11) |
| Sekretaresse: | Ria-Mi Ferreira | (gr. 11) |
| Tesourier: | Suné Thalie | (gr. 11) |
| Sosiale media: | Celine Maarman | (gr. 11) |

Op 19 Maart, bied die ATKV 'n "trek soos jou gunstelingstorieboekkarakter aan", vir die gr. 1–3's en 'n fliekaand vir gr. 6 – 12's aan.

Graad 1-3: Trek soos jou gunstelingstorieboekkarakter aan vir slegs R5.

Graad 6-12: Die fliek wat ons gaan kyk is: "Vir die voëls", soos gekies deur die leerders via Instagram "poll". Die geleentheid sal in die skoolsaal plaasvind. Dit begin 18:00 en eindig 21:00. Kaartjies kos R10 en jy kan dit tydens pouse in juf. Sumari se klaskamer koop. Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees met springmielies, koeldrank en lekkers. Vervoer sal beskikbaar wees. Dui asseblief by juf. Sumari aan indien jy daarvan gebruik wil maak. Kom sluit by ons aan, ons kan nie wag om jou daar te sien nie.

Moenie vergeet om ons op Instagram te volg nie:
@Atkv_r62_mclATKVLangkloofiesHoërskoolMcLachlan.

6. **Individuele skoolfoto's:**

U kan 'n bestelling plaas. Die betaling kan kontant wees OF u kan 'n elektroniese betaling direk aan die fotograaf maak. Die korrekte bedrag kontant OF die bewys van betaling moet in die bestelkoevert gesit word.

Bankbesonderhede: Mariette Landman
Standard Bank
Rek no : 082 862 583
Verwysing : MCL en u kind se naam en van

Alle bestellings moet voor of op 15 Maart 2024 by die skool ingehandig word.

7. **Finansies:**

- Kopieerkoste:
  Die kopieerkoste is R580 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2024 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterste belang. Die leerders van HS-McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

8. **Sport:**

- Laerskoolatletiek:
  Baie geluk aan die laerskoolatlete wat aan die Oos-Kaap atletiekkampioenskappe deelgeneem het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| D 0/10 | Taylin Kapank | 1ste | 80m en 100m |
| | | 2de | Verspring |
| S 0/12 | E.J. Meyer | 1ste | 75m hekkies |
| D 0/13 | Amoné Botha | 2de | Spiesgooi |

| | | | |
|---|---|---|---|
| D 0/13 | Almirah Stephanus | 6de | Verspring |
| S 0/13 | Juandre Malambo | 4de | Spiesgooi |

'n Hartlike dank aan mnr. A. Stephanus wat ons altete vervoer het.

- Hoërskool Wittedrift sportdag:

  Die 1ste-rugbyspan het teen Knysna Sekondêr gespeel en verloor 17-10.

  Die 1ste-netbalspan het 3 wedstryde gespeel, die tellings was as volg:
    - Verloor teen York High 7-4
    - Wen teen Wittedrift 10-7
    - Wen teen Punt 16-4

  Die spelers se gedrag op en van die veld af was baie goed gewees.

- Hoërskool Despatch sportfees:
  Die naweek neem die 1ste-rugby- en netbalspan deel aan die sportfees. Ons wens hulle sterkte toe.

- 0/13-rugbyproewe:
  Op Maandag, 11 Maart, vind die 0/13-rugbyproewe by Paul Sauer plaas.

9. Landsdiens:
   Registrasie is oop indien jy deel wil raak van landsdiens. Registrasies sluit op 20 Maart. Leerders vanaf gr.3-12 is meer as welkom om deel te raak van die organisasie. Kostes beloop R150 per jaar.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit